higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4

(4110384)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

058Q1B2210

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … doel van hierdie leerarea is om kinders te leer om verskillende klanke te identifiseer.

A Uitstallingshoekie
B Luisterhoekie
C Eethoekie

1.1.2 Alle vloere moet 'n … oppervlak hê om die veiligheid van babas te verseker.

A kleefvrye
B glyvrye
C niesoliede

1.1.3 'n Persoon wat na 'n maksimum van ses kinders omsien en nie by die departement registreer nie, is 'n …

A versorger ('educarer').
B assistentonderwyser.
C dagmoeder.

1.1.4 … doel van hierdie leerhoekie om taal- en kommunikasievaardighede te verbeter.

A Boekhoekie
B Tematafel
C Fantasiehoekie

1.1.5 Die doel van hierdie dagsorgsentrum is om sekere probleme wat 'n kind moontlik het, reg te stel.

A Weeshuissorg
B Aanvullende sorg
C Remediërende sorg

1.1.6 Kinders moet in 'n …-posisie op die matras geplaas word om die verspreiding van enige siekte te voorkom.

A kop-aan-kop
B kop-aan-voet
C voet-aan-voet

1.1.7 ... doel van hierdie leerarea is om rolspel te ontwikkel.

A Kinematografie
B Blokhoekie
C Fantasiehoekie

Kopiereg voorbehou

1.1.8 Parkeerplekke moet duidelik gemerk wees en 'n …-teken moet op die ingangshek van die dagsorgsentrum geplaas word.

A 'pastoegang'
B 'geen toegang'
C 'geen gereserveer'

1.1.9 Om jou MIV-status te ken, sal 'n mens gaan vir 'n ...

A bloedtoets.
B maagdelikheidstoets.
C vrugbaarheidstoets.

1.1.10 'n Persoon wat buitengewoon groot hoeveelhede kos inneem en nie in staat is om op te hou eet nie, ly aan ...

A ernstige dieetversteuring.
B bulimia nervosa.
C eetvergrypversteuring ('binge eating disorder').

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Vroeë kindersentrums bied formele onderwys aan kinders tussen 0 en 3 jaar oud.

1.2.2 'n Dagsorgsentrum sonder 'n tuin maak wetenskaplike verkenning lekker.

1.2.3 Deur speel ontwikkel kinders as 'n geheel.

1.2.4 'n Musiekaktiwiteit is 'n individuele aktiwiteit in 'n dagsorgsentrum.

1.2.5 'n Sentrum het 'n deur vir die toilette vir 2- tot 3-jariges nodig.

1.2.6 Huweliksprobleme van ouers het 'n positiewe invloed op hulle kinders.

1.2.7 Skadelike en kwaadwillige skinderpraatjies lei net tot negatiwiteit en wantroue.

1.2.8 'n Positiewe selfbeeld stel 'n mens in staat om die lewe te geniet en terugslae te hanteer.

1.2.9 'n Goeie onderwyser moet private probleme van die kind onder hulle vriende bespreek.

1.2.10 'n Weeshuis sal die kind by hoofstroomonderwys inkorporeer.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies ’n woord/item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–R) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Dit help om 'n vriendelike en samewerkende omgewing vir kinders te skep	A	konflik
		B	kultuur
1.3.2	Twee of meer mense stem nie saam of dink nie eenders oor 'n saak nie	C	introvert
1.3.3	Mense trek van landelike gebiede na stede	D	ondergeskik-stelling
1.3.4	Iets belangrikers duik op en die konflik word uitgestel	E	speelgroep
		F	omgewing
1.3.5	Verhouding kan nie eensydig wees nie anders kan 'n verhouding ongelyk raak	G	spanwerk
1.3.6	Dit behels die sedelike waardes, gewoontes en gesindheid van 'n spesifieke groep mense	H	dagmoeder
		I	onderhoud
1.3.7	'n Mondelinge gesprek tussen twee mense om 'n spesifieke rede	J	gee en neem
1.3.8	'n Stelsel waar restaurantgangers hulle eie kos bedien	K	sanguinies
		L	buffet
1.3.9	Persoon wat meer of minder karakters vir beide het	M	verstedeliking
1.3.10	'n Klein spektrum van interpersoonlike verhoudings	N	grondwet
1.3.11	Die persoonlikheid is gewoonlik optimisties en hoopvol	O	ad hoc
1.3.12	Hulle pas tot ses kinders op	P	geestelike inspanning
1.3.13	Kan elke dag of sekere dae van die week aangebied word	Q	aanvullende
1.3.14	Iets wat jy moet doen want dit is jou plig	R	verpligting
1.3.15	Dit is die beginpunt van waar alles geskep word		

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Gee TWEE soorte tuisgebaseerde dagsorg. (2 × 1) (2)

2.2 Bespreek elke soort dagsorgsentrum wat in VRAAG 2.1 gegee word. (3 × 2) (6)

2.3 Definieer die volgende soorte dagsorg:

(a) *Pleegsorg*
(b) *Plaasvervangersorg*
(c) *Remediërende sorg*

(3 × 1) (3)

2.4 Die taak van 'n versorger ('educarer') is om kinders te ondersteun en te lei op hulle pad na volwassenheid.

Noem VYF eienskappe van 'n bekwame versorger. (5)

2.5 Verduidelik kortliks die doelstellings van die private sentrum. (4)

2.6 Beskryf die SES leerareas vir babas en kleuters (0–3 jaar). (6)

2.7 Beskryf die uitleg van die tuin onder die volgende opskrifte:

2.7.1 Kies die struike wat ... (3)

2.7.2 Die verskillende sintuie betrokke by die keuse van struike en bome. (3)

2.8 Noem VIER faktore om in gedagte te hou wanneer 'n parkeerarea beplan word. (4)

2.9 Jy is die nuwe versorger by Tokologo-preprimêre skool in Boshoff en die hoof van die skool het versoek dat jy 'n daaglikse lesplan vir die 5-jarige groep moet opstel. Die lesplan kan 'n fisiese of kreatiewe aktiwiteit wees. (14)

[50]

VRAAG 3

3.1 Wat is die doel van die volgende rekords:

3.1.1 Aansoekvorm

3.2.1 Registrasievorm

(2 × 2) (4)

3.2 Die sekretaresse is verantwoordelik om die rekords van die sentrum te hou en korrespondensie te hanteer.

Bespreek kortliks die VIER verantwoordelikhede van die sekretaresse. (4)

3.3 Noem SES van die hoofaspekte wat normaalweg in die grondwet van 'n instelling ingesluit word. (6)

3.4 Verduidelik kortliks die VYF pligte van die sekretaresse ná die vergadering. (5)

3.5 Noem VIER soorte openbare vergaderings. (4)

3.6 Noem enige SES elemente wat in die notule van die vergaderings ingesluit moet word. (6)

3.7 Verduidelik die term *persoonlikheid.* (2)

3.8 Noem VYF kenmerke van swak (slegte) selfbeeld wat 'n mens in sy of haar lewe kan ervaar. (5)

3.9 Gee die definisie van elke eetversteuring:

(a) *Vetsug*
(b) *Anorexia nervosa*
(c) *Bulimia nervosa*

(3 × 2) (6)

3.10 Noem DRIE ander sosiale probleme wat geestes- en fisiese gesondheid negatief kan beïnvloed. (3)

3.11 Die lewe kan veeleisend wees met betrekking tot fisiese en geestesvermoëns, daarom is dit uiters belangrik om gees en liggaam met gereelde tussenposes te verfris.

Bespreek VYF basiese beginsels om gesonde eetgewoontes toe te pas en te verseker. (5)

[50]

VRAAG 4

4.1 Gee die definisie van die volgende terme:

(a) *Konflik*
(b) *Spanwerk*

(2 × 2) (4)

4.2 Noem VYF maniere waarop jy interpersoonlike konflik kan hanteer. (5)

4.3 Beskryf hoe jy interpersoonlike konflik doeltreffend sal hanteer. (5)

4.4 Gee die definisie van die volgende onderhoude:

(a) *Werksonderhoud*
(b) *Navra-onderhoud ('enquiring interview')*
(c) *Probleemoplossingsonderhoud*

(3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.5 Beskryf VYF voorbereidings vir ’n onderhoud onder kleredrag en persoonsversorging. (5)

4.6 Beskryf die opvolgprosedures onder:

(a) Oortuigende onderhoud
(b) Werksonderhoud

(2 × 2) (4)

4.7 Akkurate beplanning en voorbereiding is noodsaaklik vir 'n suksesvolle onthaal.

Noem VYF reëls vir spyskaartbeplanning. (5)

4.8 Noem VIER vereistes vir die eetarea (lokaal). (4)

4.9 Verduidelik kortliks VYF van die beplannings-, voorbereidings- en organisasiestappe vir 'n skemerpartytjie. (5)

4.10 Beskryf die prosedure wat gevolg moet word wanneer die tafel gedek word onder die volgende opskrifte:

4.10.1 Tafeldoeke (5)

4.10.2 Blomme (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou